

11 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 149

Fokusgedeelte: Psalm 149:2

Die kerk se lofsange onderskei haar

Hierdie psalm was heel moontlik geskryf nadat die volk teruggekeer het vanuit hulle ballingskap in Babel. Dis 'n psalm wat deurdrenk is van lofprysing en blydskap. Vanaf vers 5 word dit duidelik dat die Here se volk die egte en nuwe mensheid is. Die rede hiervoor is dat hulle heerskappy voer oor die nasies met 'n tweesnydende swaard en die opgeskryfde vonnis oor die volke voltrek.

Hierdie profesie word wonderlik vervul in Christus. Met die swaard van die evangelie voer die kerk oorlog en eendag sal hulle saam met Christus die hele wêreld oordeel. Dit is dié ware mensheid wat erken dat God hulle gemaak het en dat Christus deur sy bloed hulle Koning is. Daarom kan hulle nie anders as om Hom te loof en te prys nie.

Dit onderskei die kerk van die wêreld. Die kerk is die nuwe mensheid en deur God se genade kan ons erken dat Hy ons Maker en ons Koning is. Ons erken dit deur ons te verheug in ons Maker en te jubel oor ons Koning. Ons sien die nuwe mensheid wat God loof duidelik in die erediens, maar vir die nuwe mensheid is dit ook 'n lewenswyse buite die erediens. Ons hele lewe is die aanbidding van ons Maker en ons Koning. Die nuwe mensheid verkondig juis die blye boodskap wanneer ons in alle omstandighede ons in ons Maker verheug en wanneer ons oor ons Koning jubel.

So word die nuwe mensheid, die volk van God onderskei in die wêreld. So sal u ook vandag onderskei word wanneer u jubel en juig oor u Maker en Koning.

Sing: Psalm 149:1, 4

Ds RA Bain (Cachet)

